

# KUSSING VIR 'N RUSHOEKIE



**BENODIGDHEDE:** Nortex Elle Summer Breeze (suiwer katoen op 250-g-keëls of 50-g-bolle); ongeveer 250 g wit, 50 g groen, 20 g elk bruin en ligpienk; 30 g donkerpienk, 'n paar gram geel; hekelpen van 2 mm.

**MATE:** Die voltooide kussing is ongeveer 45 x 45 cm.

**AFKORTINGS:** ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; hlb - halflangbeen; st(e) - steek(steke); herh - herhaal; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; gs - glipsteek; vlg - volgende.

**AANWYSINGS: Let Wel:** 3ks vervang altyd die 1e lb in 'n ry.

Begin met wit en hekel 130ks; hekel heen en weer in langbeenrye tot werk ongeveer 45 cm lank is. Knip garing af.

Hekel 'n tweede pant op dieselfde manier.

**BLOMMETJIES:** Hekel 52 ligpienk en 114 donkerpienk blommietjies soos volg: Begin met 6ks, sluit met gs om 'n ring te vorm, hekel dan (1kb, 1hlb, 3lb, 1hlb) 4 keer in ring en knip garing af.

**GROOT BLAAR:** Met groen, hekel 6ks, sluit met gs om ring te vorm.

**Vlg rondte:** 2ks, 12hlb in ring, sluit-gs.

**2e rondte:** 3ks en 1lb in 1e st van vorige ry, 2lb in elk van vlg 9 ste, draai werk om en hekel 3 rye heen en weer, vermeer hier en daar 'n steek om werk te laat plat lê.

**Laaste rondte:** \*2kb in elk van vlg 2 ste, 1kb, 1ks, 1kb in vlg st; herh rondom.

**DRIE KLEINER BLARE:** Soos groot blaar, maar hekel slegs 2 rye heen en weer en voltooi soos groot blaar.

**GEVOUDE BLAAR:** Begin met 21ks en hekel deurgaans kb. Vermin aan een kant 1 st elke ry en aan teenoorgestelde kant 1 keer 3 ste, 2 keer 2 ste, 3 keer 1 st. Gebruik dié kant as basis, hekel 8 rye kb, en vermin 1 st elke ry slegs aan een kant.

Voltooi blaar deur oor twee kante een ry glipsteek te hekel, en bo: \*2kb, slaan 1 st oor, 3hlb in vlg st, slaan 1 st oor; herh tot einde van borand.

**BLOMPOT:** Met bruin, hekel 26lb, vermeerder 2 ste aan weerskante van elke 2e ry. Heg geel aan einde van 4e ry vas en hekel 5e ry met geel. Hekel dan weer voort met bruin en hou aan met vermeerderings soos

gestel tot 10 rye met bruin voltooi is.

Verminder nou aan een kant 1 steek elke 2e ry en aan teenoorgestelde kant 1 steek elke ry 4 keer.

Hekel reguit voort aan kant waar elke 2e ry 1 steek verminder is, en vermeerder 1 st elke ry 4 keer aan teenoorgestelde kant. Hekel na voltooiing van vermeerderings nog 1 ry geel, hekel dan weer voort met bruin, en vermeerder aan kant waar steke verminder is, 2 steke elke 2e ry. Knip garing af nadat 24e ry voltooi is.

Raadpleeg foto vir posisies en werk blomme, blare en blompot op voorpant van oortreksel vas.

**STEELTJIES:** Hekel vir elke steeltjie 'n ketting so lank soos benodig en daarna 2 rye halflangbeen oor lengte van ketting.

Werk kettings in posisie tussen blomme en blare vas soos op foto gesien kan word.

Werk agterpant van oortreksel aan drie kante aan voorpant vas en laat oorblywende kant oop om kussing in te steek. Werk drukknopies aan openingrande of werk rande aan mekaar vas nadat kussing ingesteek is.